*Maandag* **22 September**

**Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20**
**Fokusgedeelte: Kolossense 1:15-20 (HK Sondag 19)**

**Koning Jesus gee in oorvloed**

Hierdie woorde is ’n lied wat Christus besing as die Hoof van sy skepping en as die Hoof van sy kerk:

- As HOOF VAN DIE SKEPPING bewaar Christus ons teen alle vyande: Die regerings van hierdie wêreld met al sy “konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders” val ook onder die beheer van Christus. Hy het een doel met die skepping: nie een van die Vader se uitverkore kinders mag verlore gaan nie. Die skepping met sy geskiedenis vertel vir ons hoe Christus sy bruidskerk deur die eeue versamel. Die wêreld kan net bestaan omdat Christus dit so wil. Die Vader kon die toekoms van die kerk nie in beter hande geplaas het as ons Hoof, Jesus Christus nie. Geen mag, hoe bomenslik groot, kan doelbewus en moedswillig die kerk tot niet maak nie.
- As HOOF VAN SY KERK stort Hy deur sy Heilige Gees hemelse gawes in ons uit. In die antieke wêreld het ’n koning na ’n groot oorwinning geskenke aan al sy onderdane uitgedeel. Met Jesus se hemelvaart en sy heerskappy aan die regterhand van God, deel Hy ook geskenke aan sy kerk uit. En as Koning Jesus gee, gee Hy in oorvloed. Die grootste gawe is natuurlik die gawe van die Gees. Sonder die uitstorting van die Gees in elke kind van God se hart sal geen mens kan bely “Jesus Christus is die Here!” nie. Die Gees wek ons natuurlik ook op tot ’n nuwe lewe. Mense wat dood was vir God en sy liefde vir ons, staan saam met Jesus op in ’n nuwe lewe. Die Gees bring iets van die hemelse, dit wat ons eendag volmaak gaan beleef, nou al in ons lewens in.

*Sing: Skrifberyming 1-1:7*
*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*